education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## RELIGIESTUDIES V2

## MEMORANDUM

## NOVEMBER 2008

**PUNTE: 150**

**Hierdie memorandum bestaan uit 10 bladsye.**

**ALGEMENE OPMERKINGS**

1 Hierdie memorandum dek nie alle moontlikhede nie. Religiestudies is a nuwe en komplekse vak, en kan verskeie uiteenlopende beklemtonings deur leerders akkommodeer. Om reg daaraan te laat geskied, is openheid van die kant van nasieners nodig. Die memorandum neem aan dat die meerderheid leerders uit die vier grootste religieë van Suid-Afrika afkomstig is. Dit gaan ook daarvan uit dat 'n balans gehandhaaf moet word wat al die religiee betref. Dit is nie moontlik om in hierdie memorandum elke moontlikheid te dek nie. Dit word daarom aanbeveel dat, bykomend tot die memorandum self, handboeke en ander relevante materiaal in die nasien-lokaal ingebring mag, en behoort te word. In sekere gevalle moet nasieners hul oordeel gebruik, in oorleg met die hoofnasiener en met verwysing na sulke materiaal.

2 Dit word van leerders verwag om DRIE vrae te beantwoord. As leerders meer vrae beantwoord het, sien al die vrae na, en neem die drie antwoorde wat die hoogste punte behaal het. Trek 'n streep deur die gemerkte antwoorde wat buite rekening gelaat is, en skryf neer waarom dit gedoen is.

**LET WEL: NASIENERS MOET DIE ASSESSERINGSMATRYS VIR DIE UITGEBREIDE SKRYFWERK SAAM MET DIE NASIEN-MEMORANDUM GEBRUIK. LET DAAROP DAT DIE ASESSERINGSMATRYS 'N RIGLYN VIR DIE TOEKENNING VAN PUNTE IS.**

**VRAAG 1**

1.1 Ontleed (analiseer) sommige van die groot probleme waarvoor vandag se jongmense in Suid-Afrika te staan kom. (15)

1.2 Bespreek hierdie probleme met verwysing na regte en verantwoordelikhede in die lig van die Suid-Afrikaanse Grondwet. (15)

1.3 Met verwysing na die bronne van enige TWEE religieë, bespreek die mate waarin hulle die balans tussen regte en verantwoordelikhede ondersteun. (20)
**[50]**

Die volgende vraag is oop. Gebruik asseblief die kontrolelys wat voorsien word as gids vir die toekenning van punte.

**KONTROLELYS VIR PUNTETOEKENNING VIR VRAAG 1**

Met die evaluasie van die hoeveelheid materiaal wat geskryf is, moet nasieners die aantal punte wat in elkeen van die drie afdelings verdien kan word, in ag neem.

Lees leerlinge se antwoorde noukeurig. Dit is moontlik dat materiaal wat op aldrie afdelings (1.1, 1.2 en 1.3) betrekking het, in slegs een of twee afdelings behandel is. Leerlinge moet nie daarvoor gepenaliseer word nie, maar moet krediet ontvang vir wat hulle geskryf het. Die maksimum aantal punte vir elke afdeling bly egter van toepassing.

Vraag 1.1: 'sommige' beteken 'minstens twee'.

Vraag 1.1: kan 'n maksimum van 15 punte verdien.

| **Kriteria** | **Punte** | **Leerder se punte** |
|---|---|---|
| **1.1** Inleiding: Identifiseer probleme waarmee die jeug te kampe het, byvoorbeeld MIV/Vigs, armoede, dwelmgebruik, rassisme, misdaad, ekologiese uitdagings | 5 | |
| Objektiewe oorsake: ekonomiese, sosiale faktore soos enkelouer-gesinne, wat uitloop op probleme soos vermeld. | 5 | |
| Wat is die gevolge van die probleem (bv. swak selfbeeld/verlies aan vertroue)? | 5 | |
| **1.2** Bespreek die Handves van Menseregte in die Grondwet: gelykheid, menswaardigheid, privaatheid, vryheid van religie. | 5 | |
| Bespreek die verantwoordelikhede van die jeug: aanspreeklikheid, respek vir ander, respek vir eiendom. | 5 | |
| Bespreek sleutelidees: regte en verantwoordelikhede. Die natuurreg wat aan universele menswaardigheid ten grondslag lê – waardes en gemeenskapsverpligtinge en ontwikkeling. | 5 | |
| **1.3** Religieuse bronne, bv Christelike geskrifte: Adam is na die beeld van God geskape; die Qur'an:'Waarlik, Ons het waardigheid aan die mensekinders toegeken'; Bhagavad Gita: God woon in elke skepsel. | 10 | |
| Bespreek kortliks hoe hierdie religieë die ewewig van regte en verantwoordelikhede ondersteun; beperkinge wat op moraliteit berus: ' Jy mag nie doodslaan nie' (Tien Gebooie), Ahimsa (nie-gewelddadigheid). Geen reg is absoluut nie; vryheid van uitdrukking strek nie sover as om geweld of haatspraak aan te moedig nie. Sluit religieuse leerstellings wat verantwoordelikhede beklemtoon, in. | 10 | |
| **TOTALE PUNTE** | **50** | |

**VRAAG 2**

2.1 Verduidelik die term *gelykenis* en gee die doel van 'n gelykenis. (10)

2.2 Kies EEN gelykenis uit elk van enige TWEE religieë en bespreek die

toepaslike morele of leerstellige boodskap daarvan. (40)
**[50]**

Die volgende vraag is oop. Gebruik asseblief die kontrolelys wat voorsien word, as gids vir die toekenning van punte.

**KONTROLELYS VIR PUNTETOEKENNING VIR VRAAG 2**

As 'n leerder in 2.2 slegs een gelykenis (een religie) behandel het, kan 'n maksimum van 20 (twintig) punte behaal word.

| | **Kriteria** | **Punte** | **Leerder se punte** |
|---|---|---|---|
| 2.1 | Verduidelik die term *gelykenis* ('n kort storie wat 'n morele/leerstellige boodskap bevat) | 5 | |
| | Doel van 'n gelykenis: dit illustreer 'n religieuse beginsel of beantwoord 'n religieuse vraag; dit is soortgelyk aan 'n leerstelling, maar kom in 'n kunsvorm voor. | 5 | |
| 2.2 | Gelykenis 1: vertel die storie volledig en akkuraat | 15 | |
| | Interpreteer die gelykenis en bespreek die toepaslike model/lering | 5 | |
| | | | |
| | | | |
| 2.2 | Gelykenis 2: vertel die storie volledig en akkuraat | 15 | |
| | Interpreteer die gelykenis en bespreek die toepaslike model/lering | 5 | |
| | | | |
| | | | |
| | **TOTALE PUNTE** | **50** | |

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 3

Aansienklike ruimte vir individuele interpretasies deur leerlinge moet toegelaat word, in oorleg met die hoof-nasiener.

Beplan 'n inter-religieuse konferensie vir die jeug van Suid-Afrika. Stel jou doelstellings en aksieplan duidelik, in terme van die volgende:

- Agtergrond van die konferensie
- Doel van die konferensie
- Die huidige situasie van die jeug
- Uitdagings met betrekking tot die reël van die konferensie, en oplossings daarvoor
- Afgevaardigdes (verteenwoordiging)
- Program **[50]**

Die volgende vraag is oop. Gebruik asseblief die kontrolelys wat voorsien word, as gids vir die toekenning van punte.

**KONTROLELYS VIR PUNTETOEKENNING VIR VRAAG 3**

| **Kriteria** | **Punte** | **Leerder se punte** |
|---|---|---|
| Inleiding: Bespreek kortliks die samestelling van die Suid-Afrikaanse jeug: ras, religie, taal, sosiaal, polities. | 5 | |
| Voorsien, gedetailleerd maar bondig, die doelstelling van die konferensie. Plaas die hele konferensie in konteks (die bewerkstelliging van dialoog, verdraagsaamheid, respek). | 10 | |
| Bespreek die heersende omstandighede van die jeug in Suid-Afrika. | 10 | |
| Identifiseer die uitdagings om so 'n konferensie te reël asook om moontlike oplossings te voorsien. | 10 | |
| Identifiseer wie uitgenooi gaan word, en gee redes daarvoor. Gee oorweging aan logistiek. | 5 | |
| Stel 'n kronologiese en gedetailleerde program op waarin elke item (datum, tyd, sprekers, duur, ens) verduidelik word. | 10 | |
| **TOTALE PUNTE** | **50** | |

**VRAAG 4**

1. 'Verskillend' beteken in hierdie Vraag 'minstens twee'.

2. Die aantal religieë wat bespreek word, moet soos volg gehanteer word:

Inspirasie: bespreking van slegs een religie laat 'n maksimum van 16 (uit 20) punte toe.

Mondelinge oorlewering: bespreking van slegs een religie laat 'n maksimum van 12 (uit 15) punte toe.

Heilige Geskrifte: bespreking van slegs een religie laat 'n maksimum van 12 (uit 15) punte toe.

3. In die behandeling van hierdie begrippe in die konteks van verskillende religieë, is dit nie nodig dat die verskillende religiee afsonderlik van mekaar behandel word nie.

Bespreek die volgende begrippe soos hulle in die konteks van verskillende religieë voorkom:

- Goddelike inspirasie (20)
- Mondelinge oorlewering (15)
- Heilige geskrifte (15)

**[50]**

<u>Inspirasie.</u>

- Dit verwys oorspronklik na die asem (mag, kennis) van 'n buitengewone wese of mag.
- 'n Voorbeeld van die asem van 'n buitengewone mag is 'n godheid wat in 'n mens inkom en daardie mens se asem oorneem.
- Inspirasie verwys na 'n toestand van geïnspireerd-wees om te skryf, iets te doen of jou aan 'n bepaalde lewe of ervaring toe te wy.
- Inspirasie is 'n baie betekenisvolle/belangrike normatiewe bron in verskeie religiee.
- Verskeie religieë beskik oor figure wat inspirasie van 'n hoër mag of wysheid ontvang het.
- Inspirasie kan beskou word as die ware oorsprong van alle religieë.
- Daar is talle religieuse figure wat talle generasies se volgelinge geïnspireer het. Voorbeelde van figure wat volgende generasies geïnspireer het, is Abraham, Moses, Jesus Christus, die Buddha, Confucius, Muhammed en Baha'u'allah.
- Die woord 'God' word in sommige religieë, byvoorbeeld Boeddhisme en Confucialisme, nie gebruik nie, ofskoon daardie religieë wel in 'n hoer, dieper wysheid wat groot figure geïnspireer het, glo.
- Inspirasie vind ook in ons eie tyd plaas. Daarna word as 'kontemporêre inspirasie' verwys.

(20)

<u>Mondelinge tradisie</u>

- Gewoonlik word 'n oorspronklike inspirasie in baie religiee eers deur mondelinge tradisie

versprei.

- Die oorspronklike boodskap word mondeling deur een generasie na die volgende een oorgedra.
- Die oorspronklike boodskap word van een persoon na 'n ander oorgedra.
- Voor die uitvinding van skrif is religieuse tradisies mondeling oorgedra.
- Dit is waar dat hierdie tradisies wel ontwikkel het en mettertyd verander en aangepas word.
- 'n Voorbeeld van 'n religie wat oor baie eeue 'n mondelinge tradisie gedra het, is Afrika Tradisionele Religie.

(15)

<u>Heilige geskrifte</u>

- Skrif het in vele religieë 'n baie belangrike rol gespeel.
- Vele religiee het heilige geskrifte ontwikkel – byvoorbeeld die Koran, die Bybel, ens.
- Mondelinge tradisies kan parallel aan geskrewe tradisies loop.
- Geskrifte word in vele religieë gevind en word in 'n groot mate gebruik.
- In baie gevalle bestaan heilige geskrifte nie individueel nie, maar slegs as deel van groter versamelings.
- Die woord 'kanon' verwys na 'n algemene norm, reël of beginsel.
- Versamelings heilige geskrifte word gewoonlik 'kanons' genoem.
- Daar is primêre en sekondêre heilige geskrifte.
- Sekondêre geskrifte is kommentare op primêre geskrifte.

(15)
**[50]**

## VRAAG 5

Beantwoord VRAAG 5.1 OF VRAAG 5.2.

Indien leerlinge albei (5.1 sowel as 5.2) beantwoord het, moet albei nagesien word. Neem die een wat die hoogste punt behaal het. Trek 'n streep deur die antwoord wat oor die hoof gesien is, en skryf die rede daarvoor neer.

5.1 Aanhalings uit 'n verskeidenheid religieë verskyn hieronder. Kies enige EEN aanhaling en bespreek dit in die lig van minstens DRIE kern-leerstellinge van daardie religie. Ondersteun jou antwoord met toepaslike verwysings uit primêre, sekondêre en ander bronne.

5.1.1 'Daar was 'n heelal voor hierdie een en daar sal 'n heelal na hierdie een wees.' (Rig Veda, 10-190-3)

5.1.2 'Dit is nie altyd fisiese dapperheid wat saak maak nie. 'n Mens moet die moed hê om die lewe aan te durf soos wat dit is, om leed te verduur en om jouself altyd ter wille van andere op te offer.' Kipsigis-gesegde (Kenia)

5.1.3 'Mag vrygewigheid oor suinigheid triomfeer. Mag liefde oor minagting triomfeer.' (Uittreksel uit Yasna)

5.1.4 'Beoefen welwillendheid teenoor alle lewende wesens, wees vreugde by die aanskou van deugsame mense, medelye en

simpatie teenoor hulle wat swaarkry en verdraagsaamheid teenoor hulle wat lui is en hulle wangedra.' (Tattvanthasutra 7.11)

5.1.5 'Die wêreld staan op drie dinge: op die Wet, op aanbidding en op die betoon van goedhartigheid.' (Mishnah, 1:2)

5.1.6 'Daar is geen god behalwe Allah nie en Muhammed is sy boodskapper.' (Geloofsbelydenis)

5.1.7 'Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe mag hê.' (Johannes 3:16)

5.1.8 'Wysheid spruit voort uit meditasie; sonder meditasie kwyn wysheid. As 'n mens hierdie twee weë, die weg van vooruitgang en die weg van agteruitgang leer ken het, laat hy hom so gedra dat sy wysheid kan toeneem.' (Dhammapada 282)

5.1.9 'Die aarde is net een land, en die mensheid is die burgers daarvan.' (Baha'u'llah) **[50]**

Die volgende vraag is oop. Gebruik asseblief die kontrolelys wat voorsien word, as gids vir die toekenning van punte.

**KONTROLELYS VIR PUNTETOEKENNING VIR VRAAG 5.1**

Let daarop dat die Christendom hieronder as voorbeeld gebruik is.

In oorleg met die hoof-nasiener, moet aansienlike ruimte vir individuele interpretasies deur leerders toegelaat word. In die lig van die verskeidenheid religiee wat behandel sou kon word, moet handboeke in die nasien-lokaal toegelaat word.

| **Kriteria** | **Punte** | **Leerder se punte** |
|---|---|---|
| Identifiseer die religie (2 punte). Noem die bron (2 punte). Beskryf die konteks van die gekose aanhaling (2 punte). Beskryf bondig die essensie van die aanhaling in eie woorde (4 punte). | 10 | |
| Identifiseer minstens DRIE kernleerstukke, bv. in die Christendom: God die Vader as Skepper van die heelal; God die Seun as Verlosser; God die Heilige Gees as Berader van Christene. | 6 | |
| Voorsien 'n bondige bespreking van die sentrale leerstukke in die lig van die aanhaling: (1) Verduidelik elkeen van die kernleerstukke (3 x 4 punte) =12. (2) Toon aan hoe elke leerstuk deur die aanhaling ondersteun word (3 x 4 punte) =12 | 24 | |
| Gebruik toepaslike verwysings uit primêre bronne. | 5 | |
| Gebruik toepaslike verwysings uit sekondêre bronne. | 5 | |
| **TOTALE PUNTE** | **50** | |

**OF**

5.2 Bespreek die interne onderskeide wat daar in enige EEN religie voorkom. Beantwoord die vraag aan die hand van die volgende subopskrifte:

- Historiese ontwikkeling van die onderskeide
- Onderskeide in leerstellinge en geloofsoortuigings
- Onderskeide in praktyke (byvoorbeeld rituele)
- Aard en erns van die onderskeide
- Moontlike toekomstige ontwikkelinge **[50]**

Die volgende vraag is oop. Gebruik asseblief die kontrolelys wat voorsien word, as gids vir die toekenning van punte.

**KONTROLELYS VIR PUNTETOEKENNING VIR VRAAG 5.2**

| **Kriteria** | **Punte** | **Leerder se punte** |
|---|---|---|
| Inleiding: Stel die historiese konteks van die verskille en ooreenkomste van die geïdentifiseerde religie, bv. Katoliek en Protestant, Sh'ities en Sunni. | 5 | |
| Beskryf bondig die geloofsoortuiginge soos hulle op veerskillende sieninge fokus | 10 | |

Kopiereg voorbehou

| | | |
|---|---|---|
| Kies praktyke en toon aan hoe elke groep daarby hou | 10 | |
| Bespreek die aard van die onderskeide en die gevolge daarvan. | 15 | |
| Voorsien 'n toekomsperspektief op die interne onderskeide. | 10 | |
| **TOTALE PUNTE** | **50** | |

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou